PLAASNAME IN DIE MACLEAR DISTRIK.

(Saamgestel deur F. Nel : November 1996).

Die voorkoms van die Maclear distrik is besig om drasties te verander.

Sedert mnre. NECF (North East Cape Forests), 'n filiaal maatskappy van Mondi Paper Co., in 1989 tot die gebied toege tree het met 'n bosbouprojek het groot dinge in die distrik gebeur. Dosyne plase het van eienaar verwissel. Die grasheuwels is vinnig besig om deur 'n see van bome verswelg te word. Baie van die plase wat deur NECF aangekoop is se wonings en buitegeboue is gesloop. Die boere en hul werkers het verhuis. Die plase is in groepe ingedeel en gekonsolideer in landgoedere ("estates"). Grensdrade en kampsdrade is verwyder. Die ou plaasname raak in onbruik en verdwyn. Die landgoedname word toegepas. Nuwe paaie is geskraap teneinde plekke te bereik waar daar bome geplant moet word. Damme is gebou sodat voldoende water beskikbaar kan wees om die jong boompies aan die groei te hou en om brande te bestry.

Namate die heuwels geleidelik deur bome bedek word, so word ook 'n era in die geskiedenis afgesluit. Op die plase het baie mense gewoon. Hulle het daar geleef en daar gewerk. Sommige was ryk.....ander arm. Hulle het hulle lief en leed daar ondervind.....mekaar besoek..... mekaar gehelp.....mekaar onderskraag. Hulle het vreugdevolle dae beleef, soos met die geboorte van 'n kind.....'n liefdesverhouding wat gedy het.....'n verlowing.....'n huwelik.....een of ander herdenking. Hulle het smartvolle dae beleef met terugslae, met siekte en met dood. Die geblêr van skape en die gebulk van beeste wat op die velde gewei het of by die voerkrale gestaan het, het verdwyn. Die gedreun van trekkers of oesstropers op die lande word nie meer gehoor nie. Die gesellige stemme van familie en/of vriende by die braaivleisvure of voor die winterkaggels het op menige plaas stil geword. In die plek daarvan het ander geluide wat altyd minder opvallend was.....soos die sang van die voëls en die geloei van die wind.....nou duideliker geword.

Mev. M. C. (Koeks) Pretorius, bekende historikus van Barkly Oos, het by geleentheid 'n mooi raakvat verklaring vir die naam van 'n plaas op die westelike grens van die Elliotdistrik nl. RZIP gegee. Volgens haar kom dit uit die ondervinding van die landmeter wat op die hoogland gestaan het en moes hoor hoe die noordwestewind met 'n r..r..r..zzzip..p..p geluid oor die Drakensberge kom en teen die hoë rotswande vasslaan, soos die klap van 'n sweep. Die ou pioniers kon die woord nie uitspreek nie en het dit verander na 'n sagter RIPS.

Daar is natuurlik ook ander verklarings vir die woord. In Rusland is daar 'n skiereiland in sy noordpoolgebied met die naam RZIP. Dit laat 'n mens dadelik dink dat dit iets met koue te doen moet hê. Volgens 'n Russiese woordeboek is dit egter 'n soort raap met 'n gelerige vlees.

/2.....

Skrywer van hierdie artikel het ook by geleentheid in die Macleardistrik daardie sweepklap van die noordwestewind oor die Drakensberge gehoor. Hy het dikwels met groepe seuns van die destydse Kinderoord op Ugie gaan bergklim en daardie r..r..r..zzzip..p..p klank oor Ben Dearg(Mooirivierskop) gehoor. Ook tussen die twee "hekke" van Pondo Gates deur en by Scobells Kop bokant die plaas Newton Peak.

Daardie wind kom nog steeds in die winter oor die Drakensberge en slaan dan laer af teen NECF se plantasies vas. Dit veroorsaak dan 'n onheilspellende dreuning deur die bome. Met apologie aan W. J. du P. Erlank (Eitemal) se "Lied vir Jong Suid-Afrika", kom die volgende woorde by die hoorder op : "En hoor jy die magtige dreuning ? Tussen die bome deur kom dit wyd gesweef.....Die lied van 'n bosbouprojek se ontwaking.....'n Lied wat boere se gedagtes laat sidder en beef. Van Wildebeeshoek in die Weste, tot by Tentkop in die Noorde.....ruis dawerend luid die akkoorde.....Dit is die koms van Noordoos Kaapland se bosbou....." Soos in "Die Brand" van J. F. E. Celliers, "swaai die takke en swenk die twye...." In die somer kom die suidewind in die laat middag op en fluister dit saans deur die duisende dennetoppe..... soos op die plek in die Bybel waar God vir Moses gesê het dat hy Sy Stem in die ruising van die wind deur die balsembosse sou hoor.

Die plase en die plaasname was vir meer as honderd jaar deel van Maclear en Ugie se gemeenskappe. Nou dat baie van daardie name vinnig verdwyn, is dit tyd en sal dit goed wees om by geleentheid vir 'n wyle daarby stil te staan en te besin oor die herkoms of die betekenis daarvan.

Met die opmeting van die Maclear distrik in plase gedurende die jare vanaf 1884 tot 1888 is daar 371 plase uitgemeet. Dit is opvallend dat in teëstelling met ander distrikte in Suid-Afrika daar nie 'n enkele plaasnaam was wat in die tradisionele "fontein" ge-eindig het nie. Let maar gerus op na Maclear se buurdistrikte. Daar is verskeie plase met 'n "fontein" naam. Gaan verder na die Kaapse Middellande of die Vrystaat en die wêreld is behoorlik vooș van al die name wat aan een of ander fontein gekoppel is. Later met onderverdeling het ses plaasgedeeltes in die Macleardistrik 'n "fontein" naam gekry nl.DIEPFONTEIN, DRIEFONTEIN, LELIEFONTEIN, RIETFONTEIN, STERKFONTEIN en STRYDFONTEIN. Rietfontein is sedertdien vervang met Werda en Leliefontein is ingelyf in Transkei.

Die eerste groot verandering aan die distrik het reeds op 11 Februarie 1891 plaasgevind toe sewentien plase van die wyk wat bekend gestaan het as Wildebees Klowe deur blankes ontruim moes word. Die plase is by die Tsolodistrik ingelyf teneinde die Nqaqala Lokasie (swart woonbuurt) te vorm.

Op 7 November 1910 is die swart mense uit die Pitsengwyk van die Mount Fletcherdistrik verskuif. Die gebied is in veertien plase opgedeel en by die Macleardistrik ingelyf. Blanke boere is daar gevestig.

Met die konsolidasie van Transkei is die bordjies weer verhang en die blankes op hul beurt uit die Pitsengwyk verwyder. Die wyk is op 30 Junie 1987 weer by die Mount Fletcherdistrik ingelyf en die swartes het teruggekeer daarheen.

Op dieselfde datum is sestien van die oorspronklike plase met hul onderverdelings in die Umngawyk deur blanke boere ontruim. Die wyk is by die Tsolodistrik ingelyf vir die vestiging van swart boere.

/3.....

Die plaas Sejoseng in die Tentkopwyk is ook op 30 Junie 1987 van die Macleardistrik afgesny en by Mount Fletcher ingelyf.

Op daardie stadium het Maclear nog 337 van sy oorspronklike plase behou.

Op 14 Julie 1989 berig die "Barkly East Reporter" dat een van die grootste grondtransaksies ooit in die gebied met mnre. Mondi Paper Co., voltrek is en dat die maatskappy van plan is om R110 miljoen rand binne die volgende vyf jaar aan bosbou in die Elliot en Maclear distrikte te spandeer. Tydens die transaksie het NECF 49 van die oorspronklike Maclear plase bekom, plus 11 onderverdelings. Tot en met 1995 het hulle 'n verdere 35 van die oorspronklike plase, plus 25 onderverdelings bygekoop. Oor die afgelope twee jaar is verdere aankope gedoen en besit NECF tans 110 van die oorspronklike plase plus 51 onderverdelings. In oppervlakte behels dit meer as 'n derde van die distrik.

Mnr. C. P. Watermeyer, 'n gekwalifiseerde landmeter en op 'n stadium waarnemende hoofmagistraat van Griekwaland Oos was in beheer van die span landmeters wat deur die destydse regering van die Kaapkolonie gestuur is om die Macleardistrik in plase op te meet. Hulle het in Oktober 1884 met hul werk begin en die taak in April 1888 afgehandel. Die span het bestaan uit manne soos C. Butler, G. Farraday, T. Lyell, B. Newton, G. Sutton, L. Keplar, D. Adams en O. Lawers van Skotland en Engeland, B. Perrier en A. Leverrier van Frankryk en H. C. Schunke van Switserland.

Hulle was geleerde manne en het uit die aard van hul werk, baie gereis. Elk van hulle het een of ander voorliefde gehad, hetsy vir lees, poësie, musiek, sang, skilderkuns, geologie, geskiedenis, politiek ens..... Terwyl hulle die opmetings gedoen het, het hulle in tente gewoon, gewoonlik so naby moontlik aan die terrein waar hulle gewerk het. Daar was hulle blootgestel aan die elemente van die natuur, die veranderinge van die seisoene en het hulle die dinge met 'n intensiteit, anders as die gewone mense, ervaar. As die dagtaak in die veld afgehandel was, het hulle in hul tente verder tyd spandeer met die teken van die nodige kaarte. Dikwels het hulle in eensaamheid by kerslig gesit en lees of hul eie musiekinstrumente bespeel. Dit was dan die tye wanneer hulle sterk verlang het na hul tuistes, na hul dierbares, na die lande van hul herkoms of na die plekke waar hulle grootgeword het. As dit by die naamgewing van plase gekom het, het hierdie gemoedstoestande vanself-sprekend 'n groot rol gespeel.

Wanneer hulle bakens of opmetingspunte op bergtoppe en hoë heuwels moes aanbring, was hulle in meeste gevalle die eerste persoon wat daardie berg of heuwel bestyg het. In meeste gevalle het hulle dan..... en heel tereg ook.....die piek na hulleself vernoem. Hoeveel mense weet vandag dat die bekende Gatberg en Prentjiesberg in landmeter-taal eintlik Sutton's Peak en Adam's Peak is ?

Op sommige plase het reeds Griekwas of blanke boere gewoon. Party van die plase het name gehad, ander nie. Met opmeting het die landmeters sommige van die name eerbiedig, maar in meeste gevalle hul eie name daaraan toegeken.

/4.....

U sal vind dat sommige van die name in die artikel hierna 'n tweede of derde keer genoem word. Dit is gewoonlik gevalle waar die name by verskillende groeperinge ingedeel kan word.

Die plaas ORPEN is vernoem na Joseph Millard Orpen wat in Augustus 1873 deur die Britse regering as hul verteenwoordiger en eerste magistraat aangestel is in die gebied wat destyds bekend gestaan het "The Land of St. John" en wat pas tevore deur Engeland geannekseer is. Sy setel was te Chevy Chase, ongeveer halfpad tussen die huidige Maclear en Mount Fletcher. Hy was die eerste witman wat beheer oor die gebied verkry het en wat daar gesag moes uitoefen.....'n gebied wat die huidige distrikte van bogenoemde dorpe beslaan het. Mnr. Orpen was ook 'n landmeter van beroep en onder andere gemoeid met die opmeting van die Barkly Oosdistrik in plase. Hy het ook lank op die plaas AVOCA in die Barkly Oos distrik geboer.

Die Macleardistrik was aanvanklik deel van Griekwaland Oos. Hoofmagistrate van die gebied, ander magistrate en militariste wat op een of ander stadium gemoeid was met wet en orde in die streek is vereer in die volgende name :-

BEN STRACHAN : Donald Strachan, magistraat te Kokstad en Umzimkulu. Hoofmagistraat van Griekwaland Oos 1875.

BISSETT : Genl. Majoor - later Sir - John Bissett.

BOSWORTH : Lt. M. Boswell, tweede in bevel van Kapt. Usherwood se kommando wat verantwoordelik was vir die uitwissing van Mpondomise guerillevegters in 1881. Volgens oorlewering is die plaas nie Boswell genoem nie maar Bosworth, juis om weg te doen met die "fontein" idee.

BROWNLEE : Sir Charles Brownlee, hoofmagistraat van Griekwaland Oos 1879 en ook W. T. Brownlee, waarnemende magistraat van Maclear gedurende 1882. Daarna magistraat van Qumbu.

GLEN COLE : L. C. Cole, magistraat van Maclear 1882 tot 1884.

GLEN COLLEY : Genl. - later Sir - George Pomeroy Colley, Britse militaris wat behulpsaam was om Taku forte in Sjina te verower. Daarna 'n belangrike rol in die Kaapkolonie se grensoorloë gespeel en as erkenning daarvoor aangestel as hoofmagistraat van Transkei. Hy voer gedurende 1881 die Britse magte aan in die eerste Transvaalse Vryheidsoorlog en sneuwel by Majuba, Natal.

GLEN GRIEVE : J. H. Grieve, magistraat van Maclear 1884 tot 1885.

GLEN NESBITT : Kmdt. Jack Nesbitt wat 'n belangrike rol in die Slag van Maxongoshoek op 23 Maart 1878 gespeel het. Neem gedurende 1885 waar as magistraat van Maclear.

GORDON : Genl. Charles George Gordon (1833 - 1885)Britse generaal Beroemd as verdediger van Khartoum. Veg in die Krim-oorlog, Sjina, Indië en Mauritius. Neem daarna deel aan die Kaapkolonie se grensoorloë. Militêre raadgewer tydens 1880/81 se Mpondomise opstand.

GRANT HILL : Majoor J. Grant een van die koloniale magte se aanvoerders tydens die Mpondomise-opstand 1880/81.

HENDERSON : Kapt. J. Henderson, kollega van Majoor Grant hierbo.

HERBERT : Kmdt. L. Herbert, kollega van Majoor Grant en Kapt. Henderson, hierbo.

/5.....

HOPE : Hamilton Hope, magistraat van Qumbu wat op 23 Oktober 1880 te Sulenkama tussen Maclear en Qumbu deur die Mpondomise vermoor is. 'n Daad wat direk aanleiding tot die oorlog van 1880/81 gegee het.

KINGSFORD : Kapt. T. A. King, magistraat te Butterworth 1878. Neem deel aan die onderdrukking van die Mpondomise-opstand. Word daarna magistraat te Ngamakwe en Tsomo. Sluit sy loopbaan af as hoofmagistraat van Transkei.

LEONARD : H. B. Leonard het as klerk in die magistraatskantoor te Maclear gewerk. Omstandighede op die dorpie was egter van so 'n aard dat hy gedurende 1886 selfmoord gepleeg het. Hy was bevriend met die landmeters wat die plase in die distrik opgemeet het en dikwels gedurende naweke na die hotel op Maclear gekom het, waar Leonard loseer het.

MOUNT BLYTH : Kapt. M. T. Blyth C.M.G., gedurende 1869 Britse verteenwoordiger in Fingoland. Hoofmagistraat van Transkei 1879. Hoofmagistraat van Griekwaland Oos 1882.

MOUNT HUXLEY : Kapt. R. Huxley was magistraat op verskeie dorpe in Transkei. Het gedurende 1886 tydens opmeting van die plase juis op Maclear afgelos.

OXLAND : J. Oxley Oxland. Eers predikant, toe Britse verteenwoordiger in Pondoland en later magistraat van Port St. Johns.

STANFORD'S GROVE : Kapt. - later Sir - Walter Stanford. Hy speel 'n leidende aandeel in die veldslae van Mapassas Nek, 8 Januarie 1881 en Joelshoek 13 Januarie 1881. Ter erkenning vir dienste gelewer, word hy daarna aangestel as hoofmagistraat van Griekwaland Oos.

THOMSON : John Rodger Thomson, eerste magistraat van die Gatbergdistrik wat in 1875 tot stand gekom het met die verdeling van "Die Land van St. John". Hy verdedig Maclear gedurende die Mpondomisebeleg van 1880. Word gedurende 1881 die eerste magistraat van die nuwe Macleardistrik. Sterf gedurende 1882 in die tuig.

USHERWOOD : Kapt. V. Usher was in beheer van 'n kommando wat gedurende 1881 groepies Mpondomise plunderaars moes opspoor en hulle buite aksie stel. Hy het die slagoffer van sy eie lokval geword en is in 'n grot op die plaas vermoor.

WOLSELEYDALE : Burggraaf (Viscount) Sir Garnett Wolseley (1833-1913) Veldmaarskalk en hoofbevelvoerder van die Britse weermag 1885 tot 1900. Hy was verantwoordelik vir militêre besluite tydens die Mpondomise-opstand van 1880/81. Persoonlik ook deel gehad aan verskeie ander Suid-Afrikaanse oorloë. Waargeneem as goewerneur van die Kaapkolonie en daarna voltyds goewerneur van die kolonie Natal.

Uit die land se algemene geskiedenis kom daar ook 'n mooi bydrae :-

DIAZ en DA GAMA is twee aangrensende plase en vernoem na Bartholomeus Diaz en Vasco da Gama. Beide was ontdekkingsreisigers van die seeroete tussen Portugal en Indië.

GEORGE GREY en GLEN GREY is vernoem na Sir George Grey, die goewerneur van die Kaapkolonie wat die streek wat bekend gestaan het as Niemandsland oopgestel het vir Griekwa en Blanke bewoning.

/6.....

CARNARVON HILLS en GLENELG is onderskeidelik vernoem na Lord Henry Howard Molyneux Herbert Carnarvon en Lord Charles Grant Glenelg, beide Britse koloniale sekretarisse van daardie tyd.

STOCKENSTROM, FAIRBAIRN en BRAND is onderskeidelik vernoem na Sir Andries Stockenström, John Fairbairn en Jan Hendricus Brand. Hulle was al drie lede van die uitvoerende raad van die eerste Kaapse Parlement wat in 1854 tot stand gekom het. Daar was ook 'n vierde lid nl. F. W. Reitz. Om een of ander rede is hy nie vernoem nie. J. H. Brand het later president van die Oranje Vrystaat geword.

PORTERVALE : William Porter, prokureur-generaal, wat op daardie tydstip besig was om 'n nuwe grondwet vir die Kaap Kolonie saam te stel.

Oorblyfsels uit die dae toe wild en voëls nog volop in die distrik was, leef voort in name soos :-

ANTELOPE PARK, BUSTARDVALE, DUNRAVEN, EAGLE ROCK, ELANDS HEIGHTS, ELEPHANT ROCK, ORIBIDALE, TIGER VALLEY en ZEBRA DELL.

Met latere onderverdelings het BUCKLANDS, CRANESMOOR en TIERKOP bygekom.

Die koue winters wat in die streek ondervind word, word weerspieël in name soos :-

SNOWY SIDE, WINTER MATTEN, COLDSTREAM en CHILLINGLY.

Ander weersomstandighede is nie vergeet nie :-

WAAINEK, STORM RIDGE, SUNNY SLOPES, SOMERTON, SPRINGTON, SERENGIA (Latyn vir mooiweer) en SWITHLAND. Laasgenoemde word as volg verklaar. Saint Swith was 'n Biskop in Winchester, Engeland. St. Swith'ins Day is jaarliks op 15 Julie gevier, d.w.s. in die middel van die Britse somer. Die geloof het bestaan dat indien dit op daardie dag reën, dit ook op die daaropvolgende veertig dae sou reën. Tydens opmeting is die landmeter in Januarie 1886 op daardie plaas oorval met 'n tipiese Kapaailandse kwietsha wat sestien (4 X 4 i.p.v. 4 X 10) dae lank geduur het. Uit pure moedeloosheid noem hy die plaas toe Swithland. Ou pioniers het ook beweer dat dit met die geluid van die wind oor die heuwels te doen gehad het.

Duplisering van name en name met presies dieselfde betekenis, alhoewel in ander tale kom ook voor.

NORTHBROOK in Engeland het twee van die landmeters so beïndruk dat Beide die naam toegeken het aan 'n plaas in die omgewing waar hy gewerk het. Aldus is daar, nie ver van mekaar nie in twee aangrensende wyke nl. Wildebees Onder en Wizardvale, twee plase met presies dieselfde naam. Toe die bekend raak wou nie een van die twee landmeters kopgee om sy naam te verander nie.

EXCELSIOR : Latyn vir "Altyd Beter" is toegeken aan een van die oorspronklike plase. Later met onderverdeling is dit herhaal. Nou kom die naam ook in twee aparte wyke voor.

/7.....

GOEDE HOOP, GOOD HOPE en SPES BONA beteken in Afrikaans, Engels en Portugees (Latyn) presies dieselfde. So ook HOPE (Engels) en ESPERANZA (Spaans).

Drie aangrensende plase nl. RETREAT, REDORTA en VERSAM beteken in Engels, Spaans en Latyn presies dieselfde nl. om terug te trek na militêre optrede. In hierdie geval die Mpondomise-oorlog van 1880/81.

MOUNT HOPE (moderne Engels) en BEN HOPE (Keltiese Engels) beteken ook presies dieselfde.

SANDWICK en SANDA, feitlik aangrensend het ook dieselfde betekenis. "Wick" is 'n Skotse woord en "A" 'n Yslandse woord wat albei 'n stroompie beteken. Die stroompie in hierdie geval die Nqaqala-rivier.

Name met 'n Bybelse oorsprong word in die volgende aangetref :-

BALD HILLS : Die kaal heuwels van Israel se woestyngebied word genoem in Jesaja 49 : 9.

BASHAN : 'n Vrugbare streek oos van die Jordaan. Geleë noord van Gilead vanwaar dit geskei word deur die rivier Yarmuk. Die streek word dikwels in die Psalms van Dawid genoem.

BLUNDERSTONE : Die Rots van Struikeling wat verwyder moet word. Rom. 9 : 33. Ou vertaling.

CORBAN : Dit beteken iets wat aan God gegee of ge-offer is nadat dit tydens 'n gebed as gelofte aan Hom belowe is. Mark Bodley, eienaar van die hotel op Ugie het in 1880 in sy uur van benoud-heid toe die Mpondomise die hele dorpie in puin gelê het, tot God gebid en belowe dat hy sy sondige lewe sou staak indien God sy lewe sou spaar. Hy het die aanval oorleef en na die oorlog teruggekeer na Ugie. Hy het nie weer sy hotel/kroeg heropen nie maar op die plaas gaan boer.

CROWLANDS : Eerw. W. Murray het in 1863 sy sendingstasie vir die bearbeiding van die Griekwas op hierdie plaas begin. Hulle was baie arm en kon hom nie vir sy dienste betaal nie. Toe Henry Dugmore, 'n blanke, die plaas in 1872 vir drie beeste van Adam Paul, 'n Griekwa, geruil het en daar gaan woon het, het hy Murray in 'n uiterste toestand van armoede en verwaarlosing aangetref. Hy het sy huis langs Murray s'n gebou en verder vir hom gesorg. Hierdie handeling het herinner aan die verhaal in die Bybel waar God kraaie gestuur het om kos vir die profeet Elia in die woestyn weg te bring.

EDENDALE : Die omgewing het na die baie reën van 1886 vir die landmeter soos die Tuin van Eden gelyk.

VIA MALA : Letterlik uit Latyn vertaal, beteken dit " Slegte Pad". Figuurlik word dit gekoppel aan die sogenaamde Breë Weg, met ander woorde die sondige pad. Mat. 7 : 13. Ou vertaling.

/8.....

Die landmeter wat in die wyk Wildebees Onder gewerk het, het blykbaar 'n smaak vir goeie musiek gehad en dit het 'n rol in sy naamgewing gespeel :-

LOHENGRIN : 'n Opera van Wagner

LOTHAIR : 'n Karakter in een van Wagner se operas.

OBERON : 'n Opera van Weber.

RIENZI : 'n Opera van Wagner.

In Mooirivierhoek is daar 'n plaas met die naam GROVE. Sir George Grove (1820-1900) was 'n Engelse skrywer van musiek en die eerste direkteur van Grove's Dictionary of Music and Musicians, 'n gesaghebbende ensiklopedie oor komponiste en hul musiek.

Verskeie plase het die naam of van (familienaam) van sy eerste eienaar of bewoner gekry.....of van een of ander familielid :-

GLEN CULLEN : Die plaas is uit drie kleinere plasies saamgestel en deur die eienaar mnr. A. E. Pery Knox-Gore so genoem as verering vir sy seun Cullen, op wie hy baie trots was. Hierdie seun is op sy beurt so deur sy pa vernoem ter herinnering aan die plek in Skotland waar die gesin vandaan gekom het.

PRESTON PARK : Feitlik 'n soortgelyke geval soos hierbo. Die plaas is ook gekonsolideer uit drie klein plasies en deur die eienaar, mnr. E. J. Francis so genoem om sy seun, Preston, wat graag wou boer te vereer.

HULLEY HILL, POULTNEY, RANSCOMBE en WAINWRIGHT is vernoem na Richard Hulley, James Poultney, Thomas Ranscombe en Peter Wainwright wat net na die Pondomise opstand vanuit die Albanie (Grahamstad)distrik verhuis het en hulle nie ver van mekaar naby die Tsitsarivier gevestig het nie.

COPELAND is vernoem na William Joseph Shaw Copeland wat hom vanuit die Fort Beaufortdistrik gedurende 1882 in Mooirivierhoek gevestig het.

STALLENBERG is vernoem na Adam Stallenberg wat hom in 1883 langs die Mooirivier gevestig het.

FAHY : Mnr. N. Tarr, oorspronklik van Skotland maar wie hom in 1882 vanuit die Bathurst (Port Alfred)distrik in Wildebeeshoek gevestig het se vrou was 'n mej Fahy.

/9.....

Die Swart mense het ook hul deel bygedra. Van die Xhosas kry ons die volgende :-

ENTWANAZANA : 'n Klein bietjie aangebring. Dit is die naam van 'n klein riviertjie of spruit waarin daar nie veel water vloei nie. Een van die bo-lope van die Mbashe (Bashee)rivier.

INXU GORGE : Die Wildebeesrivier vloei hier deur 'n diep kloof.

KATHLAMBA. Oorspronklik Quathlamba gespel, maar later reggestel omdat daar nie 'n klapklank in die woord is nie. Letterlik die plek waar daar gewas word. Figuurlik die berge wat deur die reën skoongewas is. Algemene naam vir die Drakensberge. Daar word ook beweer dat dit die punte van spiese kan beteken.

MAPASSAS NEK, MNYOLO HEIGHTS, NCINGANES KOP en NELANI verteenwoordig hoofmanne wat in die gebied gewoon het.

NIKINA : Teen iets klop, teen iets vryf of wakker word uit die slaap. "Nikina entloko" - die kop skud om nee te sê. Die verhaal wat aanleiding tot hierdie naam gegee het, is ongelukkig onbekend.

PONDO GATES : Die plek waar die Amapondostam gedurende die 14de eeu op hul epiese uittog uit Midde-Afrika oor die Drakensberge getrek het en hulle eers in Joelshoek en later in die huidige Pondoland gevestig het.

TSITSA, TSITSA GORGE en Tsitsa Uitspanning : Water wat na baie reën uit die grond syfer en oor rotse vloei. (Engels - ooze).

UMNGA FLATS en UMNGA HEADS. Umnga beteken "rivier van die doringboom."

UMNGANA : Klein Umnga.

WIZARDVALE : Vallei van die Toordokters.

Van die Sothos kry ons die volgende :-

LEHANAS PASS : Die plek waar hoofman Lehana wat uit Lesotho tydens 'n oorlog gevlug het met sy volgelinge oor die Drakensberge getrek het.

LUSI of LUZI : 'n Soort gras wat op die oewers van riviere en waterpanne groei en waarvan die swart mense slaapmatte vleg. Op 'n stadium het daar 'n hoofman Nelusi in die gebied gewoon.

PITSENG of PITSING : Letterlik 'n pot. Drie bergreekse vorm hier 'n natuurlike kom wat die idee van 'n pot by jou laat posvat.

SEJOSENG : Die naam van 'n hoofman wat hier gewoon het. Sy naam word in geskiedenisboeke as Cornelius Sejosing geskryf.

Op 24 Maart 1593 het die Portugese vragskip Sao Alberto onderweg van Indië na Portugal by Stony Point net suid van die monding van die Mbashe(Bashee)rivier gestrand. Die oorlewendes van die ramp nl. 125 Portugese mans en vrouens en 160 slawe van Oosterse afkoms het besluit om daarvandaan te voet na Lourenco Marques (Maputo) te stap waar hulle na verwagting deur ander Portugese skepe opgepik kon word. Hulle het eers in 'n noordelike rigting al langs die rivier opgestap. Twee Roomse priesters het die optog gelei en 'n vlag gedra. Die kaptein Nuno Vehlo Perreira het daagliks noukeurig aangeteken waarlangs hulle geloop het en wat hulle ondervind het. Een van die slawe kon Xhosa

/10.....

praat en het aldeur verneem waarlangs die maklikste roete geloop het.

Toe hulle die bolope van die rivier in Gubenxa bereik het, het hulle die platorand in die omgewing van die huidige plaas Maiden Head in die Nqaqalawyk uitgeklim en daarvandaan ooswaarts gestap. Hulle is suid van Ugie en Maclear verby, by Cedarville deur die Umzimvubu, waar hulle 'n klipstapel gepak het en verder. Na 121 dae het 115 van die Portugese en 65 van die slawe veilig in Lourenco Marques aangekom.

Die eerste blanke boere wat ingetrek het op plase waarlangs die skipbreukelinge gestap het, het in klipskeure onder holkranse bewysstukke gevind wat verband hou met die stuk geskiedenis. Dit het weerklank gevind in die plaasname.

HALCYAN DRIFT waar 'n vredeskrans soos gedra deur Roomse priesters gevind is.

THE ROSARY waar 'n rosekrans in 'n klipskeur aangetref is.

CLEMENTINE waar 'n goedbewaarde bladsy van geskrifte wat na Pous Clemens I vernoem is in 'n rotsspleet onder 'n holkrans gekry is.

Volgens oorlewering het die pioniers vertel van 'n san(boesman)tekening op die plaas Ben Strachan wat die optog van die skipbreukelinge uitgebeeld het.

Baie van die plase is na beroemde mense wat in daardie tydperk geleef of kort tevore gesterf het, vernoem.....afhangende of die landmeter hulle bewonder het en waardig genoeg geag het om hulle te vernoem. Daar is in daardie tyd baie gelees en skrywers en hul werke dus baie gewild :-

ANSTY : F. Ansty was die skuilnaam van Thomas Anstey Guthrie (1856-1934), Britse skrywer van humoristiese verhale en toneelstukke.

AGASSIZ : Louis Jean Rodolphe Agassiz (1807-1873), 'n Swits-Amerikaanse natuurkundige en geoloog.

BEN DAMBH : Jean Dambh (1848-1892), Franse beeldhouer.

BEN FARADAY: Michael Faraday (1791-1867) Britse natuur- en skeikundige. Navorser. In 1833 het hy die wette van elektrolise wat na hom vernoem is, ontdek.

BEN LYELL : Sir Charles Lyell (1797-1875) Britse geoloog.

BLACKWOOD : William Blackwood (1776-1834). Stigter van die Skotse drukkersmaatskappy "William Blackwood & Sons" wat begin het om die tydskrif "Blackwoods Magazine" uit te gee en waartoe skrywers soos Scott, De Quincey en ander bekendes bygedra het.

BOSWORTH : Joseph Bosworth (1789-1876). Engelse taalkundige en skrywer van vele boeke.

BOWDEN : Richard Bowden (1802-1887). Britse wetenskaplike. Ontwerper van bowdendraad - 'n buigsame staaldraad (binne kabel) met gepantserde buitekabel daaromheen. Later jare baie gebruik by motors en fietse om remkrag oor te dra.

BUCKLE : Henry Thomas Buckle (1821-1862). Britse historikus en vooraanstaande skaakspeler. Skrywer van verskeie geskiedkundige boeke.

CARLYLE : Thomas Carlyle (1795-1881). Skotse skrywer en historikus.

/11.....

CERVANTES : Miguel de Cervantes Saavedra (1547-1616). Een van die grootste Franse skrywers. Een van sy mees bekende boeke was "Don Quixote". Die boek is altesaam in 24 tale vertaal, o.a. ook in Afrikaans as 'Don Kwiksot en Ander Verhale'. Een van die boeke wat deur miljoene kinders gelees is en steeds gelees sal word.

CHAMISSO : Adelbert von Chamisso. 'n Franse digter wat uit sy land moes padgee en later een van die beroemdste skrywers in Duits geword het. Hy was ook 'n geesdriftige plantkundige en het die plantegroei aan die Kaap beskryf as "die verruklikste op aarde".

CHANTRY : Sir Francis Legatt Chantrey (1781-1841). Britse beeldhouer. Die plaas se naam word op ou kaarte en dokumente as Chantrey gespel. Die 'e' het iewers langs die pad verlore geraak.

COLENSO : Dr. John William Colenso (1814-1883). Kerkman en geleerde. Hy was die eerste Anglikaanse Biskop van Natal en oorlede te Pietermaritzburg.

DU FOUR : Guillaume Henri Du Four (1787-1875). Veldheer wat Switserse troepe in verskeie oorloë aangevoer het. Hy het deelgeneem aan die stigting van die Rooikruisvereniging in 1864.

DUNSANY : Edward Dunsany (1808-1887). Anglo-Ierse skrywer. Het Eton en Sandhurst besoek. Deelgeneem aan die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog as lid van die Coldstream Guards. Engels gedoseer aan die Universiteit van Athene.

EBDEN : Dr. Henry Anderson Ebden (1824-1886). Suid-Afrikaanse arts. Voorsitter van die Kaap Kolonie se Mediese Komitee, die voorloper van die S. A. Mediese Raad. Inspekteur van Koloniale hospitale.

FAIRBRIDGE : Charles Aken Fairbridge (1824-1893). Regsgeleerde te Kaapstad. Hy het belanggestel in kultuursake en politiek. In die eerste parlement van die Kaapkolonie 1854 verteenwoordig hy die kiesafdeling Caledon en van 1874 tot 1879 die kiesafdeling Kaapstad. Sy boekeversameling, die grootste van 'n enkele skenker, word in die S. A. Biblioteek in Kaapstad gehuisves. Dit beslaan meer as 7000 boekdele.

GLEN AIRY : Sir George Biddell Airy (1801-1892). Britse sterrekundige (Royal). Eerste persoon wat fotografiese weergawes van sonvlekke gefotografeer het.

GLEN MELVILLE : Herman Melville (1819-1891). Amerikaanse skrywer. Aanvanklik bankklerk en onderwyser. Vaar in 1839 na Liverpool as kajuitjonge. Begin in 1841 werk op 'n walvisvaarder. Baie boeke geskryf.

GLEN THOMSON : James Thomson (1834-1882). Britse digter en joernalis. Sy "The City of the Beautiful" was sy beroemdste gedig.

HALIFAX : Midde Engelse stad in die graafskap van Yorkshire. Vernoem na George Saville Halifax (1633-1695). Markies en lid van die Konvensie vir die herstel van Stuarts. Lid van die Geheime Raad en skrywer.

HARTINGTON : Prof. Pieter Harting (1812-1885). Hoogleraar in ontleed- en plantkunde aan die Universiteit van Utrecht. Tydens die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog het hy lid geword van die Pro-Boerevereniging in Nederland. In 1881 'n fonds op die been gebring om Suid-Afrikaanse studente te help om in Nederland te studeer.

/12.....

HERBERT : George Herbert (1593-1633). Engelse digter en prediker in Bemerton. Skrywer van Engeland se mees toegewyde geestelike liedere.

HOLMES : Oliver Wendell Holmes (1841-1935). Britse skrywer van juridiese werke en sketse. Digter.

HOPEDALE : Anthony Hope - Skuilnaam van Sir Anthony Hope Hawlins (1863-1933). Britse skrywer. Sy bekendste werk is "The Prisoner of Zenda".

HOUGHTON : John Houghton, 'n Metodiste sendeling en sy vrou wat gedurende 1885 te Golbanti in Kenia vermoor is.

HUTTON : James Hutton (1726-1796) Skotse geoloog. Lyell het gebruik gemaak van sommige van sy teorieë. Skrywer van "Theory of Earth".

KENDAL : Oorgedra uit Westmorland, Engeland. Moontlik ook Dame Margaret (1849-1935), Britse aktrise en vrou van W. H. Kendal (1843-1917)ook 'n akteur. Grootste sukses behaal met hul gesamentlike stuk "Diplomacy" in 1910....dieselfde jaar toe die Pitsengwyk in plase opgedeel is.

LORNE : Oorgedra uit Skotland. John Douglas S. Campbell (1845-1914) Was die Markies van Lorne en goewerneur-generaal van Kanada 1878 tot 1883. Getroud met prinses Louise, dogter van Koningin Victoria. Stigter van die Royal Society of Canada om kuns en wetenskap te bevorder.

MANSFIELD : Naam van 'n stad in die graafskap Nottinghamshire, Engeland. Vernoem na Lord William Murray Mansfield (1705-1793) 'n Britse regsgeleerde, parlementslid, minister en prokureur-generaal.

MEREDITH : George Meredith (1828-1909). Britse skrywer en digter.

MONTGOMERY : James Montgomery (1771-1854) Britse skrywer, maar veral digter. Byron 'n ander groot skrywer het sy gedig "Wanderer in Switzerland" beskryf as meer werd as 'n duisend lirieke. Meer as honderd van sy liedere word vandag nog in kerke gesing.

MOUNT HUXLEY : Thomas Henry Huxley (1825-1895). Engelse bioloog. Studeer in geneeskunde. Hoogleraar in natuurgeskiedenis en fisiologie aan die Universiteit van Londen. Skrywer van verskillende boeke.

MOUNT TYNDALL : John Tyndall (1820-1893). Britse natuurkundige. Hoogleraar aan die Universiteit van Londen. Belangrike deurbraak gemaak in o.a. die Tyndall-effek of verstrooiing. 'n Instrument ontwerp om die hoogte van bergpieke te bepaal.

MOTLEY : John Lothrop Motley (1814-1877). Amerikaanse historikus en diplomaat. Skrywer.

MURCHISON : Sir Roderick Impey Murchison (1792-1871). Beroemde Britse geoloog.

NEWTON PEAK : Sir Isaac Newton (1642-1727). Engelse wis- en natuurkundige. Om die eenheid van krag te definieer word gebruik gemaak van die tweede bewegingswet van Newton.

/13.....

PALMERSTON : Henry John Temple Palmerston (Viscount - Burggraaf) (1784-1865). Britse staatsman.

RUTHERFORD : Mark Rutherford (1831-1931). Britse skrywer. Sy bekendste werke is "The Autobiography of Mark Rutherford" en "The Revolution in Tanners Lane."

RUSHTON : William Rush (1756-1833). Amerikaanse beeldhouer.

SAUSSURE : Ferdinand (Mongin) de Saussure (1857-1913). Switserse taalkundige. Hoogleraar aan Geneve Universiteit. Word algemeen beskou as die grondlegger van die moderne taalwetenskap. Skrywer.

